

Maandag 20 Januarie

Skrifgedeelte: 2 Samuel 3:1-4; 1 Kronieke 11:1-19 (1953-vertaling)

Fokusgedeelte: 1 Kronieke 11:16-19

Bloed as setel van lewe kom God alleen toe

Dawid was in 'n bergvesting waar hy kon afkyk op Betlehem wat deur die Filistyne beset was. Hy kon nie maar veilig verskans daar bly nie, hy moes tot eer van die Here optree teen die vyand.

As Dawid dan vra: “Wie sal vir my water gee om te drink uit die put van Betlehem wat by die poort is?” beteken dit dat diegene wat die water gaan haal, eers by die vyand verby moes kom. As drie manne dan gaan water skep en vir Dawid bring, beteken dit daar is dapperheid in Israel om God se vyand te verslaan – hulle sal hulle lewens daarvoor op die spel plaas.

Daarom drink Dawid nie die water nie, maar giet dit as offer vir die Here uit. Die manne was bereid om hulleself in die geloof te offer vir die eer van die Here en daarom sien Dawid in die water hulle bloed. As hy die water wat hulle met lewensgevaar gebring het, drink, sal hy as't ware hulle bloed drink wat die setel van die lewe is en wat God alleen toekom.

Dawid se stryd teen Saul se huis (2 Sam. 3 en 4) en teen die Filistyne (1 Kron. 11) maak duidelik hoe belangrik dit vir hom was om geen onskuldige bloed in ongehoorsaamheid aan die sesde gebod te laat vloei nie. Tog het dit later by geleentheid gebeur dat hy in swakheid onskuldige bloed vergiet het toe hy Uria op die voorpunt van die oorlog laat plaas het in 'n poging om sy sonde met Batseba te verberg. Dawid, wat hoeveel keer die Filistyne verslaan het, was nie die volmaakte koning wat al die vyande van God en sy volk finaal kon verslaan nie, hy was 'n sondaar.

Ons is ook sondaars wat dikwels in stryd met die sesde gebod ons naaste doodslaan deur byvoorbeeld gedagtes en woorde van haat, belediging, ontering, in plaas van om hulle lewe in beskerming te neem en hulle lief te hê soos onself. Daarom het God die volmaakte Koning, sy Seun Jesus Christus uit die geslag van Dawid, gestuur dat sy onskuldige bloed aan die kruis vergiet moes word as offer om ons van die doodsvyande – Satan, die wêreld en ons ou natuur – te verlos.

Hy het ook sy Gees aan ons gegee om ons weergebore te laat word sodat ons nie met woorde, dade of gedagtes ons naaste se lewe verwoes nie, maar onself in dankbaarheid aan God offer deur Hom bo alles lief te hê en ons naaste soos onself.

Sing: Psalm 4-1:3

Ds. CJJ Putter (Jaco) (Potgietersrus)